BRITISH AMERICAN TOBACCO

BRITISH AMERICAN TOBACCO p.l.c.

(Geregistreer in Engeland en Wallis onder die Britse Maatskappywet 1985 met nommer 03407696)
Aandelekode op die JSE Beperk: BTI Aandelekode op die LSE: BATS ISIN: GB0002875804
**("BAT")**

# VERKORTE VOORNOTERINGSVERKLARING VAN BAT

**HIERDIE AANKONDIGING VERTEENWOORDIG NIE 'N VOLLEDIGE VOORNOTERINGSVERKLARING NIE EN IS NIE 'N UITNODIGING AAN DIE PUBLIEK OM IN TE SKRYF OP AANDELE NIE. DIT IS OPGESTEL MET DIE DOEL OM INLIGTING TE VERSKAF OOR BAT OOREENKOMSTIG DIE NOTERINGSVEREISTES VAN DIE JSE BEPERK. AANDEELHOUERS WORD VIR NADERE INLIGTING VERWYS NA DIE VOLLEDIGE VOORNOTERINGSVERKLARING GEDATEER 21 OKTOBER 2008, WAT BESKIKBAAR IS SOOS UITEENGESIT IN PARAGRAAF 5 HIERVAN.**

## 1. INLEIDING

Die gewone aandele van BAT **("BAT-aandele")** is op die amptelike lys van die United Kingdom Listing Authority genoteer en verhandel op die hoofmark van die London Stock Exchange vir genoteerde effekte.

Compagnie Financière Richemont S.A. **("Richemont")**, wat tans 'n onregstreekse belang van ongeveer 19.4% in die BAT-aandele hou, en Remgro Beperk **("Remgro")**, wat tans 'n onregstreekse belang van ongeveer 10.7% in die BAT-aandele hou, in albei gevalle deur R&R Holdings SA **("R&R")**, het verskeie herstrukturerings voorgestel wat daartoe sal lei dat hul onderskeie aandeelhouers regstreekse aandeelhouers in BAT sal word.

Aandeelhouers word verwys na die onderskeie dokumente vrygestel deur Remgro en Richemont vir nadere besonderhede met betrekking tot die herstrukturerings. Afskrifte van dié dokumente is verkrygbaar van www.remgro.com en www.richemont.com.

BAT het vantevore met R&R ooreengekom om, indien versoek, 'n sekondêre notering op die JSE Beperk **("JSE")** te verkry sodat die herstrukturerings gefasiliteer kan word. Hierdie versoek is op 7 Augustus 2008 gerig en BAT het dus aansoek gedoen om 'n sekondêre notering op die JSE.

Die JSE het 'n sekondêre notering toegestaan by wyse van 'n inbringing van al die uitgereikte BAT-aandele in die tabaksektor van die hoofbord van die JSE onder die verkorte naam BATS en verhandelingskode BTI, met ingang van die aanvang van sake op die JSE op Dinsdag, 28 Oktober 2008.

## 2. AANDELEKAPITAAL

Met die aanvang van die notering sal die gemagtigde aandelekapitaal van BAT £775,000,000 wees, verdeel in 2,858,265,349 gewone aandele van 25 pennies elk en 241,734,651 omskepbare aflosbare voorkeuraandele van 25 pennies elk. Die uitgereikte aandelekapitaal sal £506,255,453.50 wees, verdeel in 2,025,021,814 gewone aandele van 25 pennies elk met 'n aandelepremie van £56,000,000, met alle aandele wat gelyke regte het.

## 3. OORSIG VAN BAT

BAT is een van die wêreld se vooraanstaande tabakgroepe, met handelsmerke wat in meer as 180 markte verkoop word en 'n sterk posisie in meer as 50 markte. In sy finansiële jaar geëindig 31 Desember 2007, het BAT se filiale sowat 684 miljard sigarette geproduseer in 47 sigaretfabrieke geleë in 40 markte. Vier hiervan en twee afsonderlike fabrieke vervaardig ook sigare, rol-jou-eie- en pyptabak. BAT bestuur 'n portefeulje van meer as 300 handelsmerke, insluitende die vier 'Global Drive Brands': Dunhill, Kent, Lucky Strike en Pall Mall. Heelwat van die groei in leierhandelsmerke word aangedryf deur produkinnovering met betrekking tot filters, geure, verpakking en sigaretformate. In 2007 was die BAT-groep se inkomste £10,018 miljoen en sy wins uit bedrywighede voor buitengewone items was £3,003 miljoen.

BAT het 'n wesenlike belang in die groei van tabakblare en werk internasionaal met duisende boere. Gedurende 2007 het die BAT-groep ongeveer 53,900 mense wêreldwyd in diens gehad. Die BAT-groep se arbeidsmag is sterk multikultureel en die BAT-groep het 'n gedesentraliseerde struktuur, met elke plaaslike maatskappy wat 'n aansienlike graad van selfstandigheid en verantwoordelikheid vir sy eie bedrywighede het.

BAT is op 23 Julie 1997 geïnkorporeer en op 13 Oktober 2008 as 'n eksterne maatskappy in Suid-Afrika geregistreer.

## 4. DIREKTEURE

Die name, besigheidadresse en funksies van BAT se direkteure word hieronder uiteengesit.

| Naam | Funksie |
|---|---|
| **Uitvoerend** | |
| Paul Adams | Hoof Uitvoerende Beampte |
| Ben Stevens | Finansiële Direkteur |
| Nicandro Durante | Hoofbedryfsbeampte; Direkteur, Amerika-Stille Oseaan |
| **Nie-uitvoerend** | |
| Jan du Plessis | Voorsitter |
| Karen de Segundo | Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur |
| Robert Lerwill | Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur |
| Dr Ana Maria Llopis | Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur |
| Christine Morin-Postel | Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur |
| Anthony Ruys | Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur |
| Sir Nicholas Scheele | Senior Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur |
| Matthys Visser | Nie-uitvoerende Direkteur |

Die besigheidadres van die direkteure van BAT is Globe House, 4 Temple Place, London WC2R 2PG, United Kingdom.

## 5. AFSKRIFTE

Die volledige Voornoteringsverklaring is slegs in Engels beskikbaar en afskrifte daarvan kan vanaf Dinsdag, 21 Oktober 2008, gedurende normale kantoorure, by die volgende adresse verkry word:

- BAT se verteenwoordigende kantoor in Suid-Afrika, Alexanderstraat 34, Stellenbosch, 7600, Suid-Afrika;
- J.P. Morgan Equities Beperk, Frickerweg 1, Illovo, 2196, Suid-Afrika;
- UBS Suid-Afrika (Eiendoms) Beperk, Wierdaweg-Oos 64, Wierda Valley, 2196, Suid-Afrika; en
- Werksmans Geïnkorporeer, 5de Straat 155, Sandown, Sandton, 2196, Suid-Afrika.

Die volledige Voornoteringsverklaring is ook verkrygbaar op www.bat.com.

21 Oktober 2008

**Gesamentlike borge**

JPMorgan UBS

**Suid-Afrikaanse regsadviseurs**

edward nathan sonnenbergs WERKSMANS ATTORNEYS

**Engelse regsadviseurs**

Herbert Smith

**VS-regsadviseurs**

CRAVATH, SWAINE & MOORE

**Ouditeure**

PRICEWATERHOUSECOOPERS
PricewaterhouseCoopers LLP
Chartered Accountants

INCE